# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. Jl Schütte
direkteur@apk.co.za

07 Desember 2020


**OMSENDBRIEF 19/2020**

## PREDIKANTEKONFERENSIE 2021

**Aan alle leraars en kerkrade van gemeentes**

Danksy die goeie samewerking wat daar tussen die Kuratorium en die teologiese dosente aan die AP Akademie bestaan, het die Kuratorium besluit om, op versoek van die dosente wat tans toegegooi is met werk, die jaarlikse Teologiese Dag en die twee-jaarlikse predikantekonferensie met mekaar te kombineer en gesamentlik aan te bied. Dit ook aangesien 2020 se beplande konferensie a.g.v. die grendel-staat uitgestel moes word.

Die konferensie sal DV van 18 tot 20 Januarie 2021 plaasvind by die **Eden kampterrein** Noord van Pretoria.






**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023

Tydens die konferensie sal daar gefokus word op traumaberading. Aangesien ons as leraars wat die hantering van verskillende tipes trauma betref in die voorste linie staan, beplan die Kuratorium om praktiese gereedskap en ŉ Bybelse benadering in die hantering en oplossing van trauma aan te bied. Daar word veral gekyk na die Bybelse begronding van berading en hoe en wanneer die Bybel aangewend kan word in die trauma beradingsproses.

Daar word ook gelet op spesifieke traumatiese gebeure en die hantering van getraumatiseerde persone in daardie situasies, waaronder plaasaanvalle en geweldsmisdaad, gesinstrauma, die effek van kindertrauma op ’n volwassene se lewe en die trauma wanneer iemand met ŉ terminale siekte gediagnoseer word. Die beplande program word hierby aangeheg. Op grond van versoeke uit die verlede is daar ook voldoende tyd ingeruim vir gesamentlike Bybelse oordenking en gebed, asook tyd om broederlik saam te kuier.

Die konferensie is in belang van ons hele kerkverband. Ons wil graag op hierdie manier toerusting bied aan ons leraars om ons roeping as kerk van Christus beter te vervul. Sodoende gee ons ook uitvoering aan die sinodebesluit ten opsigte van verdere opleiding van predikante. Saam met vorige sinodes doen ons daarom ’n beroep op Kerkrade om dit finansieel vir leraars moontlik te maak om die konferensie by te woon deur die reiskoste na die konferensie te dra.

Van die kerkverband se kant word die grootste deel van die koste gesubsidieer en elke leraar hoef slegs **R200** vir die bywoning van die konferensie te betaal. Dit sluit die kursusmateriaal, verblyf en alle etes in. Betalings moet asseblief in die GKK se rekening gedoen word met u naam as verwysing by die inbetaling. Die bankbesonderhede is die volgende:

Bank: ABSA
Rekeningnaam: AP Kerk – GKK;
Rekeningnommer: 2140143068;
Takkode: 632005

Ons vertrou dat hierdie konferensie leraars sal toerus vir die uitdagende tye waarbinne die Here ons tans gebruik.

*Vriendelike groete*

**Ds. Martin Jordaan**
**Nms. Kuratorium**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

Voorlopige Program

Predikantekonferensie 2021

Bybelse hantering van Trauma

**Maandag, 18 Januarie 2021**

12:00 Registrasie

14:00 Opening – Wimpi Burger

Bybelse begronding van berading – Wimpi Burger

15:30 Sessie 1 Die ontstaan en paradigma van Trauma Insident Reduksie (TIR), waar dit in die sielkunde veld inpas en hoe ons teologies na TIR moet kyk – Petri Coetzee

16:30 Koffie en tee

17:00 Sessie 2 Trauma: hoe dit werk, wat is die fisiologiese proses wat gebeur tydens trauma en waarom TIR so effektief werk met trauma – Petri Coetzee

18:00 Aandete

19:00 Dagafsluiting

20:00 Kampvuurkuier

**Dinsdag, 19 Januarie 2021**

07:30 Ontbyt

08:45 Bidstond

09:30 Sessie 3 TIR Verwante tegnieke, aspekte nie aangeraak nie. TIRA Internasional en TIRA-SA, opleiding, akkreditasie. Vrae en antwoorde – Petri Coetzee

11:00 Teetyd

11:30 Sessie 4 Fases van Trauma, wat om wanneer te doen of nie – Wimpi Burger

12:30 Middagete

13:30 Sessie 5 Meervlakkige Neuro Prosessering en Trauma – Lee Greyling

14:30 Koeldrankpouse

15:00 Sessie 6 Leerstellige onderbou van berading, met fokus op Trauma. Calvyn oor waarom God lyding toelaat – Martin Jordaan

16:00 Koffie

16:30 Sessie 7 Hantering van trauma by ŉ plaasaanval – Wimpi Burger

18:00 Aandete

20:00 Dagafsluiting

20:30 Rondom die kampvuur

**Woensdag 20 Januarie 2021**

07:30 Ontbyt

08:45 Bidstond

09:30 Sessie 8 Volwassene met kinder-trauma – Gevallestudie – Martin Jordaan

10:30 Teetyd

11:00 Sessie 9 Gesin trauma / Dood van ŉ gesinslid – Danny Nel

12:30 Middagete

13:30 Sessie 10 Die trauma van kanker en terminale siekte diagnose – Herman Erasmus

14:30 Vrae en antwoorde

14:45 Samevatting

15:00 Verdaag



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105

**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023